Beskrywing van grond waarom aansoek gedoen word deur mnr. A. J. Fourie: (*a*) 'n Sekere stuk Kroongrond genoem Mile End Annex Lot 1, 4 morg 500 vierkante roede groot, geleë in die afdeling Cathcart tussen „ Ellington Part A Annex Lot 3 ", „ Chiselford Annex Lot 3 ", „ Mile End Annexe Lot 2 " en die restant van Ellington; (*b*) 'n sekere stuk Kroongrond genoem „ Mile End Annexe Lot 2 ", 6 morg 135 vierkante roede groot, geleë in die afdeling Cathcart tussen „ Chiselford Annex Lot 1 ", Mile End, restant van Ellington en „ Mile End Annex Lot 1 ".

Beskrywing van grond waarom aansoek gedoen word deur mnr. W. H. Oosthuysen: (*a*) 'n sekere stuk Kroongrond genoem „ Railway Reserve ", 481 vierkante roede groot, geleë in die afdeling Cathcart tussen „ Lot Railway 1 of Part A of Ellington ", „ Ellington Part A Annexe Lot 3 ", „ Mile End Annexe Lot 1 ", „ Lot Railway 2 of Ellington " en die restant van Ellington; (*b*) 'n sekere stuk Kroongrond genoem Ellington Annex, 282 vierkante roede 67 vierkante voet groot, geleë in die afdeling Cathcart tussen „ Mile End Annex Lot 1 ", Perseel R.Y. 2 en Perseel R.Y. 3.

✱ No. 531.] [18 Maart 1955.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande, ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing No. 1479 van 14 Julie 1952 afgekondig is, die persone genoem in die derde kolom van bygaande Bylae, met ingang van 30 September 1954 aangestel het as lede van die Komitees van Beheer vir dié gedeeltes van die Karos-Boegoebergnedersetting, afdelings Kenhardt en Prieska, wat in die eerste kolom van voormelde Bylae genoem word.

Die persone wie se name in kolom (2) van genoemde Bylae voorkom, is ooreenkomstig artikel 3 van voornoemde regulasies, met ingang van 30 September 1954 deur die huurders tot lede van genoemde Komitees van Beheer gekies.

Die Minister van Lande het, ooreenkomstig artikel 11 (1) van genoemde regulasies, die persone wie se name in die vierde kolom voorkom, as voorsitters van die onderskeie Komitees van Beheer aangestel.

interest in the matter may, in writing, send in to the Surveyor-General, Cape Town, on or before that date such statements or representations as they shall see fit either in favour of or against the applications.

Description of land applied for by Mr. A. J. Fourie: (*a*) Certain piece of Crown land, designated Mile End Annexe Lot 1 in extent 4 morgen 500 square roods, situate in the Division of Cathcart between Ellington Part A Annex Lot 3, Chiselford Annex Lot 3, Mile End Annex Lot 2, and remainder of Ellington; (*b*) certain piece of Crown land, designated Mile End Annexe Lot 2 in extent 6 morgen 135 square roods, situate in the Division of Cathcart between Chiselford Annex Lot 1, Mile End, Remainder of Ellington and Mile End Annexe Lot 1.

Description of land applied for by Mr. W. H. Oosthuysen: (*a*) Certain piece of Crown land, designated " Railway Reserve " in extent 481 square roods, situate in the Division of Cathcart between Lot Railway 1 of Part A of Ellington, Ellingtin Part A Annexe Lot 3, Mile End Annexe Lot 1, Lot Railway 2 of Ellington and Remainder of Ellington; (*b*) certain piece of Crown land designated Ellington Annex in extent 282 square roods 67 square feet, situate in the Division of Cathcart between Mile End Annexe Lot 1, Lot R.Y. 2 and Lot R.Y. 3.

✱ No. 531.] [18 March 1955.

It is hereby notified for general information that, as from the 30th September, 1954, the Minister of Lands has, in accordance with the provisions of section 3 of the regulations published by Government Notice No. 1479 of the 14th July, 1952, appointed the persons named in the third column of the Schedule hereto as members of the Committees of Management for those portions of the Karos-Boegoeberg Settlement, divisions of Kenhardt and Prieska, mentioned in the first column of the said Schedule.

As from the 30th September, 1954, the persons named in column (2) of the said Schedule have, in accordance with section 3 of the afore-mentioned regulations, been elected to the said Committees of Management by the lessees.

The Minister of Lands has, in accordance with section 11 (1) of the said regulations, appointed the persons named in the fourth column of the said Schedule to be chairmen of the respective Committees of Management.

BYLAE.—*SCHEDULE.*

(1).	(2).	(3).	(4).
Brandboom.....	Gerhard Daniel Alston Albertus Barend van Schalkwyk	Frans Johannes Nicolaas Stassen Stephanus Johannes Heyman Jacob Stefanus Vermeulen	Stephanus Johannes Heyman.
Groblershoop.....	Adriaan Jacobus Steenkamp Pieter Abraham van Wyk	Lukas Abraham van Wyk Theunis Johannes Janse van Rensburg Tobias Johannes Nortje	Lukas Abraham van Wyk.
Wegdraai.....	Petrus Jacobus Johannes Hanekom Matthys Willem Johannes Liebenberg	Johannes Gerhardus Maritz Daniel Jacobus Hendrik Wiese Marthinus Christoffel Barnard Smit	Johannes Gerhardus Maritz.
Saalskop.....	Wilhelmus Francois Gerhardus Germishuys Philippus Rudolf de Beer	Stefanus Johannes Hyman Dirk Jacobus Visser Jasper Jacobus Adriaan Archer	Stefanus Johannes Hyman.
Grootdrink.....	Frans Petrus van Wyk Pieter Andreas Rossouw van Niekerk	Frans Johannes Burger Samuel Nicolaas Rossouw Nicolaas Jacobus Steenkamp	Frans Petrus van Wyk.
Karos–Boomrivier....	Albertus Johannes de Villiers Jan Hendrik Smit Jan Christian Kuhn	Johannes Jacobus Combrinck Daniel Rudolph van der Westhuizen Johannes Frederik Jacob Goussard David Johannes Maasz	Albertus Johannes de Villiers.
Matjiesrivier.....	Johannes Jacobus Koortzen Johan Wilhellem Visser	Keadie Marthinus Daniel O'Callaghan Gabriel Petrus Jacobs Daniel Francois Marais	Keadie Marthinus Daniel O'Callaghan.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

*No. 501.] SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. [18 Maart 1955.

Staat, ingevolge Artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 28ste dag van Februarie, 1955.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,816,412	9	8
Note in omloop	100,950,988	15	0
Deposito's van:—			
(*a*) Regering	43,280,091	19	11
(*b*) Bankiers	43,003,469	3	8
(*c*) Andere	2,334,269	3	2
Te betale wissels	—		
Ander laste	13,392,153	10	0
	£206,777,385	1	5

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons) waarvan £12,798,225. 6s. 9d. buite die Unie gehou word	71,093,997	4	10
Pasmunt	307,541	11	0
Gediskonteerde wissels:—			
(*a*) Binnelandse	14,000,000	0	0
(*b*) Buitelandse	67,384,035	4	5
Lenings en voorskotte aan die Regering	—		
Ander lenings en voorskotte	8,115,279	12	8
Staatseffekte	32,582,520	11	6
Ander effekte:—			
(*a*) Unie	2,503,043	15	11
(*b*) Buitelandse	3,200,528	11	0
Ander bates:—			
(*a*) In die Unie	5,260,858	10	9
(*b*) Buite die Unie	2,329,579	19	4
	£206,777,385	1	5

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek 58·6 persent.
Geteken, die 4de dag van Maart, 1955.

S. F. T. GREAVES, Onder-hoofkassier.

*No. 501.] SOUTH AFRICAN RESERVE BANK. [18 March 1955.

Statement, pursuant to Section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 28th day of February, 1955.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,816,412	9	8
Notes in Circulation	100,950,988	15	0
Deposits:—			
(*a*) Government	43,280,091	19	11
(*b*) Bankers	43,003,469	3	8
(*c*) Other	2,334,269	3	2
Bills Payable	—		
Other Liabilities	1,3392,153	10	0
	£206,777,385	1	5

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,798,225. 6s. 9d. held outside Union	71,093,997	4	10
Subsidiary Coin	307,541	11	0
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	14,000,000	0	0
(*b*) Foreign	67,384,035	4	5
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	8,115,279	12	8
Government Securities	32,582,520	11	6
Other Securities:—			
(*a*) Union	2,503,043	15	11
(*b*) Foreign	3,200,528	11	0
Other Assets:—			
(*a*) In Union	5,260,858	10	9
(*b*) Outside Union	2,329,579	19	4
	£206,777,385	1	5

Ratio of gold reserves to liabilities to public 58·6 per cent.
Signed this 4th day of March, 1955.

S. F. T. GREAVES, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 502.] [18 Maart 1955.

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet, 1934, word onderstaande saamgestelde opgaaf vir algemene inligting gepubliseer:—

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 31STE DAG VAN JANUARIE 1955.

(Ingevolge artikel *vier-en-veertig* van die Bouverenigingswet, 1934.)

Aantal Verenigings—Number of Societies	34		
Aandelekapitaal—Share Capital—			
Onbepaalde—Indefinite		£164,820,117	
Vaste termyn—Fixed Period		9,484,005	
TOTAAL—TOTAL			£174,304,122
Onaangetaste Reserwe Fondse—Unimpaired Reserve Funds			14,395,303
Deposito's—Deposits—			
Vaste—Fixed		£125,851,929	
Spaar—Savings		72,315,323	
TOTAAL—TOTAL			£198,167,252
Opgelope Rente—Accrued Interest			4,046,673
Lenings en Oortrekkings—Loans and Overdrafts			1,117,831
Voorskotte teen verband—Mortgage Advances—			
Aantal—Number—			
(i) Voorskotte bo £5,000—Advances over £5,000	4,701		
(ii) Alle Voorskotte—All Advances	168,513		
Bedrag—Amount—			
(i) Voorskotte bo £5,000—Advances over £5,000		£58,234,977	
(ii) Alle Voorskotte—All Advances			£309,681,108
Toegestaan maar nie uitbetaal nie—Granted but not paid out			25,565,054
Likwide Bate—Liquid Assets—			
Kontant en Deposito's—Cash and Deposits		£15,783,152	
Onbeswaarde Effekte—Unencumbered Securities		58,301,001	
Opgelope Rente—Accrued Interest		637,184	
TOTAAL—TOTAL			£74,721,337
Statutêre Minimum Bedrag—Statutory Minimum Amounts		£49,977,070	

DEPARTMENT OF FINANCE

✱No. 501.] SOUTH AFRICAN RESERVE BANK. [18 March 1955.

Statement, pursuant to Section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 28th day of February, 1955.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,816,412	9	8
Notes in Circulation	100,950,988	15	0
Deposits:—			
(*a*) Government	43,280,091	19	11
(*b*) Bankers	43,003,469	3	8
(*c*) Other	2,334,269	3	2
Bills Payable	—		
Other Liabilities	1,3392,153	10	0
	£206,777,385	1	5

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,798,225. 6s. 9d. held outside Union	71,093,997	4	10
Subsidiary Coin	307,541	11	0
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	14,000,000	0	0
(*b*) Foreign	67,384,035	4	5
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	8,115,279	12	8
Government Securities	32,582,520	11	6
Other Securities:—			
(*a*) Union	2,503,043	15	11
(*b*) Foreign	3,200,528	11	0
Other Assets:—			
(*a*) In Union	5,260,858	10	9
(*b*) Outside Union	2,329,579	19	4
	£206,777,385	1	5

Ratio of gold reserves to liabilities to public 58·6 per cent.
Signed this 4th day of March, 1955.

S. F. T. GREAVES, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 502.] [18 March 1955.

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following composite return is published for general information:—

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 31ST JANUARY, 1955.

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Societies Act, 1934.)

Aantal Verenigings—Number of Societies	34		
Aandelekapitaal—Share Capital—			
Onbepaalde—Indefinite		£164,820,117	
Vaste termyn—Fixed Period		9,484,005	
TOTAAL—TOTAL			£174,304,122
Onaangetaste Reserwe Fondse—Unimpaired Reserve Funds			14,395,303
Deposito's—Deposits—			
Vaste—Fixed		£125,851,929	
Spaar—Savings		72,315,323	
TOTAAL—TOTAL			£198,167,252
Opgelope Rente—Accrued Interest			4,046,673
Lenings en Oortrekkings—Loans and Overdrafts			1,117,831
Voorskotte teen verband—Mortgage Advances—			
Aantal—Number—			
(i) Voorskotte bo £5,000—Advances over £5,000	4,701		
(ii) Alle Voorskotte—All Advances	168,513		
Bedrag—Amount—			
(i) Voorskotte bo £5,000—Advances over £5,000		£58,234,977	
(ii) Alle Voorskotte—All Advances			£309,681,108
Toegestaan maar nie uitbetaal nie—Granted but not paid out			25,565,054
Likwide Bate—Liquid Assets—			
Kontant en Deposito's—Cash and Deposits		£15,783,152	
Onbeswaarde Effekte—Unencumbered Securities		58,301,001	
Opgelope Rente—Accrued Interest		637,184	
TOTAAL—TOTAL			£74,721,337
Statutêre Minimum Bedrag—Statutory Minimum Amounts		£49,977,070	

✱ No. 524.] [18 Maart 1955.

DOEANETARIEFGIDS.

Onderstaande wysigings van en byvoegings by die Doeanetariefgids van 1950 word hierby vir algemene inligting gepubliseer:—

✱ No. 524.] [18 March 1955.

CUSTOMS TARIFF GUIDE.

The following amendments and additions to the 1950 Tariff Guide are hereby published for general information:—

TARIEFKLASSIEFIKASIELYS No. 42.

WYSIGINGS.

Bladsy No.	Besonderhede.		Tarief Nos.	Statistiese benodigdhede.
110	**Doppies:**			
	„ Amorces " vir kinderpistooltjies	Skrap	335	—
		Voeg in	310 (*d*)	—
398	**Oliesoorte**—(*vervolg*)			
	Olyfolie	Skrap	202 (2)	Gellings.
		Voeg in	202 (5)	lb.
	BYVOEGINGS.			
400	**Oliesoorte**—(*vervolg*)			
	Standolie		202 (5), 353 (1) (*a*)	lb.

TARIFF CLASSIFICATION LIST No. 42.

AMENDMENTS.

Page No.	Particulars.		Tariff Nos.	Statistical Requirements.
100	**Caps** (see also stoppers)—			
	Amorces, for toy pistols	Delete	335	—
		Insert	310 (*d*)	—
432	**Oils**—(*continued*)			
	Olive	Delete	202 (2)	—
		Insert	202 (5)	—
	ADDITIONS.			
434	**Oils**—(*continued*)			
	Stand Oil		202 (5), 353 (1) (*a*)	lb.

✱ No. 527.] [18 Maart 1955.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3 PERSENT, 1958-65.

Sertifikaat No. 3516, vir £50, ten gunste van mev. Elizabeth Mary Dax.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

✱ No. 527.] [18 March 1955.

THREE PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1958-65.

Certificate No. 3516, for £50, issued in favour of Mrs. Elizabeth Mary Dax.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate, as applied for, will be issued.

✱No. 528.] [18 Maart 1955.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge Artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 4de dag van Maart, 1955.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,816,412	9	8
Note in omloop	98,389,380	10	0
Deposito's van:—			
(*a*) Regering	41,126,944	12	6
(*b*) Bankiers	43,691,924	0	1
(*c*) Andere	1,631,298	6	0
Te betale uitgawes	—		
Ander laste	15,201,796	16	0
	£203,857,756	14	3

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £14,402,708. 5s. 2d. buite die Unie gehou word	71,569,809	10	4
Pasmunt	317,636	15	2
Gediskonteerde wissels:—			
(*a*) Binnelandse	13,900,000	0	0
(*b*) Buitelandse	64,709,273	18	5
Lenings en voorskotte aan die Regering	—		
Ander lenings en voorskotte	8,133,788	18	4
Staatseffekte	32,702,019	9	9
Ander effekte:—			
(*a*) Unie	2,503,043	15	11
(*b*) Buitelandse	3,200,528	11	0
Ander bates:—			
(*a*) In die Unie	4,167,104	0	6
(*b*) Buite die Unie	2,654,551	14	10
	£203,857,756	14	3

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek 58·7 persent.

Geteken, die 9de dag van Maart, 1955.

S. F. T. GREAVES, Onder-hoofkassier.

*No. 528.] [18 March 1955.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to Section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 4th day of March, 1955.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,816,412	9	8
Notes in Circulation	98,389,380	10	0
Deposits:—			
(*a*) Government	41,126,944	12	6
(*b*) Bankers	43,691,924	0	1
(*c*) Other	1,631,298	6	0
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,201,796	16	0
	£203,857,756	14	3

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £14,402,708. 5s. 2d. held outside Union	71,569,809	10	4
Subsidiary Coin	317,636	15	2
Bills Discounted:—			
(*a*) Domestic	13,900,000	0	0
(*b*) Foreign	64,709,273	18	5
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	8,133,788	18	4
Government Securities	32,702,019	9	9
Other Securities:—			
(*a*) Union	2,503,043	15	11
(*b*) Foreign	3,200,528	11	0
Other Assets:—			
(*a*) In Union	4,167,104	0	6
(*b*) Outside Union	2,654,551	14	10
	£203,857,756	14	3

Ratio of gold reserves to liabilities to public 58·7 per cent.
Signed this 9th day of March, 1955.

S. F. T. GREAVES, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 529.] [18 Maart 1955.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat menere G. E. Gillmer en S. J. Venter aanstellings vir vrywillige diens in die Spaarsaamheidskomitee te Pretoria aangeneem het.

✱ No. 530.] [18 Maart 1955.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. C. H. van Aswegen die aanstelling vir vrywillige diens in die Westelike Spaarsaamheidskomitee te Kaapstad aangeneem het.

✱ No. 541.] [18 Maart 1955.

GEWETENSGELD.

Hierby word die ontvangs erken van die volgende bedrae wat anoniem aan Ontvangers van Inkomste gestuur is:—

Ontvang deur.	*Datum van ontvangs*	*Bedrag.* £	s.	d.
Ontvanger van Inkomste, Bloemfontein	27/1/1955	1	6	8
Ontvanger van Inkomste, Springs	2/2/1955	1	0	0
Ontvanger van Inkomste, Pretoria	21/1/1955	5	0	0

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 515.] [18 Maart 1955.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie, dr. Gustav Strohm, om 11-uur vm., op 3 Maart 1955, aan die Goewerneurswoning, Kaapstad, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Federale Republiek van Duitsland oorhandig het.

✱ No. 539.] [18 Maart 1955.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die voorlopige erkenning, met ingang van 16 Februarie 1955, van mnr. José Margueirat as Vise-konsul van Argentinië in Kaapstad.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 535.] [18 Maart 1955.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSRAAD.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by

✱ No. 529.] [18 March 1955.

It is hereby notified for general information that Messrs. G. E. Gillmer and S. J. Venter have accepted appointment for voluntary service on the Transvaal Thrift Committee at Pretoria.

✱ No. 530.] [18 March 1955.

It is hereby notified for general information that Mr. C. H. van Aswegen has accepted appointment for voluntary service on the Western Thrift Committee at Cape Town.

✱ No. 541.] [18 March 1955.

CONSCIENCE MONEY.

The receipt of the following amounts sent anonymously to Receivers of Revenue is hereby acknowledged:—

Received by.	*Date of Receipt.*	*Amount.* £	s.	d.
Receiver of Revenue, Bloemfontein	27/1/1955	1	6	8
Receiver of Revenue, Springs	2/2/1955	1	0	0
Receiver of Revenue, Pretoria	21/1/1955	5	0	0

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 515.] [18 March 1955.

It is hereby notified that His Excellency, Dr. Gustav Strohm, was received by His Excellency the Governor-General at Government House, Cape Town, at 11 a.m. on the 3rd March, 1955, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the Federal Republic of Germany.

✱ No. 539.] [18 March, 1955.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Mr. José Margueirat as Vice-Consul of Argentina in Cape Town with effect from the 16th February, 1955.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 535.] [18 March 1955.

SOUTH AFRICAN CITRUS BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers vested in him by section 2 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation

Proklamasie No. 44 van 1947, soos gewysig, die aanstelling van ondergenoemde persone, verteenwoordigende koöperatiewe sitrusprodusente, as lede van die Sitrusraad, vir 'n tydperk van twee jaar met ingang 28 Februarie 1955 goed te keur:—

Mnr. T. W. Gleaves.
Mnr. F. H. F. Hampton.
Mnr. W. N. Tooley.
Mnr. N. A. van Breda.

✱ No. 536.] [18 Maart 1955.

SIGOREIBEHEERRAAD.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *twee* van die Sigoreireëlingskema, afgekondig by Proklamasie No. 335 van 1939, soos gewysig, die aanstelling van ondergenoemde persone as lede van die Sigoreibeheerraad vir 'n tydperk van twee jaar met ingang 1 Maart 1955 goed te keur:—

1. W. J. F. van't Hoogerhuijs.
2. C. H. Searle.
3. L. E. Tamine.

} Verteenwoordigende Vervaardigers van Sigorei.

✱ No. 537.] [18 Maart 1955.

REGISTRASIE, INVOER, VERVAARDIGING, VERVOER EN VERKOPING VAN VEEVOER, VEELEK EN DIE REGISTRASIE VAN STERILISERINGSINSTALLASIES.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat dit die voorneme is om binne sestien weke na die datum van publikasie hiervan, maar minstens vier weke na genoemde datum, die regulasies in die Aanhangsel hiervan ingevolge subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van genoemde Wet uit te vaardig.

Belanghebbendes word uitgenooi om besware teen of vertoë aangaande die voorgestelde regulasies binne vier weke na die publikasie hiervan voor te lê aan die Sekretaris van Landbou, Landbougebou, Pretoria.

S. P. LE ROUX,
Minister van Landbou.

AANHANGSEL.

VERTOLKING.

1. In hierdie regulasies het enige uitdrukking waaraan in die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig, 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg. Voorts, tensy in stryd met die samehang, beteken—

„ die Wet ", die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig;
„ handelsmerk ", dieselfde as „ kenmerk " in die Wet;
„ persent " of „ persentasie ", enige persent of persentasie per gewig op die natuurlike basis;
„ proteïen ", ru proteïen;
„ veelek ", enige mineraal- of ander stof of enige mengsel van mineraal- of ander stowwe bestem of aangebied vir gebruik as 'n veelek, of om gemeng te word met veevoer, water of enige ander stof ten einde enige tekort in 'n veevoer of in weiding aan te vul, of om die groei of produktiwiteit van lewende hawe te bevorder, afgesien daarvan of sodanige veelek of stof geneeskundige eienskappe besit of nie;
„ veevoer ", dieselfde as „ veevoedsel " in die Wet;
„ vet ", enige eterekstrak;
„ vesel ", enige ru-vesel;

en word „ CaO " geag gelyk te wees aan Ca × 1·40, P_2O_5 gelyk aan P × 2·29 en proteïen gelyk aan N × 6·25.

No. 44 of 1947, as amended, to approve of the appointment of the undermentioned persons as members of the Citrus Board, representing co-operative producers, for a period of two years, with effect from the 28th February, 1955:—

Mr. T. W. Gleaves.
Mr. F. H. F. Hampton.
Mr. W. N. Tooley.
Mr. N. A. van Breda.

✱ No. 536.] [18 March 1955.

CHICORY CONTROL BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *two* of the Chicory Control Scheme, published by Proclamation No. 335 of 1939, as amended, to approve of the appointment of the undermentioned persons as members of Chicory Control Board for a period of two years, with effect from the 1st March, 1955:—

1. W. J. F. van't Hoogerhuijs.
2. C. H. Searle.
3. L. E. Tamine.

} Representing Manufacturers of Chicory.

✱ No. 537.] [18 March 1955.

REGISTRATION, IMPORTATION, MANUFACTURE, MOVEMENT AND SALE OF FARM FEEDS, STOCK LICKS AND REGISTRATION OF STERILIZING PLANTS.

In accordance with the provisions of sub-section (4) of section *twenty-three* of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended, it is hereby notified that it is proposed, within 16 weeks of the date of publication hereof, but at least four weeks after the said date, to promulgate the regulations appearing in the Annexure hereto, in terms of sub-section (1) of section *twenty-three* of the said Act.

Interested persons are invited to submit objections to or representations in respect of the proposed regulations to the Secretary for Agriculture, Agriculture Building, Pretoria, within four weeks of the date of publication hereof.

S. P. LE ROUX,
Minister of Agriculture.

ANNEXURE.

INTERPRETATION.

1. In these regulations any expression to which a meaning is attached by the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended, has the meaning thus attached to it. Further, unless contrary to the context—

" the Act " means the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended;
" per cent " or " percentage " means per cent or percentage by weight on the natural basis;
" protein " means crude protein;
" stock lick " means any mineral or substance or any mixture of minerals or substances intended or offered to be used as a stock lick, or to be mixed with farm feed, water or any substance or to rectify any deficiency in a farm feed or in grazing, or to promote the growth or productivity, whether or not such stock lick or substance processes medicinal properties;
" fat " means ether extract;
" fibre " means crude fibre;

and " CaO " shall be deemed to be equivalent to Ca × 1·40, P_2O_5 to × 2·29 and protein to N × 6·25.

REGISTRASIE.

2. (1) Iedere aansoek om die registrasie van 'n veevoer of steriliseringsinstallasie moet in drievoud gerig word, in die geval van—

(*a*) 'n veevoer, in die vorm voorgeskryf in die Tweede Bylae hiervan; en

(*b*) 'n steriliseringsinstallasie, in die vorm voorgeskryf in die Derde Bylae hiervan, aan—

Die Registrasiebeampte vir Veevoer (of Steriliseringsinstallasies),
Departement van Landbou,
Pk. Vallis,
Pretoria.;

en moet vergesel gaan van die registrasiegeld in die Eerste Bylae hiervan gespesifiseer en ook, in die geval van 'n aansoek om die hernuwing van 'n bestaande registrasie, van die bestaande sertifikaat uitgereik ingevolge subregulasie (3) van hierdie regulasie.

(2) Voordat die Registrasiebeampte 'n aansoek om registrasie in oorweging neem, kan hy die applikant aansê om aan hom sodanige nadere inligting (met inbegrip van, in die geval van veevoer, geskikte monsters daarvan) te verstrek as wat hy nodig mag ag ten einde vas te stel of die betrokke veevoer of steriliseringsinstallasie geskik en doeltreffend genoeg is vir die doel waarvoor dit bestem is.

(3) Wanneer 'n veevoer of steriliseringsinstallasie geregistreer word, moet die Registrasiebeampte aan die applikant 'n registrasiesertifikaat uitreik of laat uitreik, wat geldig is vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande en wat op 30 Junie elke jaar verval.

(4) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n bestaande registrasie moet ingedien word nie later as die datum waarop dit verval nie (nl. 30 Junie elke jaar).

OPMERKING.—Applikante word aangeraai om hul aansoeke om hernuwing elke jaar gedurende Mei in te dien.

(5) Aansoeke van buite die Unie word slegs in oorweging geneem as hulle ingedien word deur bemiddeling van 'n verteenwoordiger wat in die Unie woonagtig is of sake doen.

APPÈLLE.

3. (1) Wanneer 'n aansoek om registrasie afgewys is of indien 'n registrasie ingevolge subartikel (3) van artikel *drie* van die Wet aan voorwaardes onderworpe gemaak is of ingevolge artikel *vier* van die Wet ingetrek is, kan die applikant—

(*a*) binne 14 dae nadat hy van sodanige afwysing, oplegging van voorwaardes of intrekking in kennis gestel is, by die Registrasiebeampte skriftelik aansoek doen om die redes vir sodanige beslissing, en die Registrasiebeampte moet binne 14 dae na die datum van ontvangs van sodanige aansoek, aan die applikant sodanige redes skriftelik verstrek;

(*b*) binne 56 dae nadat hy van sodanige afwysing, oplegging van voorwaardes of intrekking in kennis gestel is, skriftelik by die Minister teen sodanige beslissing appèl aanteken.

(2) Die bepalings van paragraaf (*a*) van subregulasie (1) van hierdie regulasie is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige beslissing deur die Minister in verband met 'n appèl by hom ingedien ingevolge paragraaf (*b*) van genoemde subregulasie.

VERPAKKING.

4. (1) Saamgeperste veevoer moet opgemaak word in bale wat elkeen minstens 80 lb. weeg. Indien veevoer in sakke verkoop word, moet die sakke heel, skoon, onbesmet en sonder insekbesmetting wees en toegewerk word.

MERKE.

5. (1) Op elke houer waarin veevoer bestem vir verkoop, verpak word, of op 'n etiket aan sodanige houer geheg, moet duidelik en leesbaar gemerk of gedruk word—

(*a*) die woorde „ geregistreer kragtens die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947, soos gewysig ";

REGISTRATION.

2. (1) Every application for the registration of a farm feed or a sterilizing plant shall be directed, in triplicate, in the case of—

(*a*) a farm feed, in the form prescribed in the Second Schedule hereto; and

(*b*) a sterilizing plant, in the form prescribed in the Third Schedule hereto, to—

The Registering Officer of Farm Feeds
(or Sterilizing Plants),
Department of Agriculture,
P.O. Vallis,
Pretoria.

and shall be accompanied by the registration fee specified in the First Schedule hereto, and also, in the case of an application for the renewal of an existing registration, by the existing certificate issued in terms of sub-regulation (3) of this regulation.

(2) Before considering an application for registration the Registering Officer may call upon the applicant to furnish him with such further information (including, in the case of a farm feed, suitable samples thereof) as he may deem necessary in order to determine whether the farm feed or sterilizing plant in question is suitable and sufficiently effective for the purposes for which it is intended

(3) Whenever a farm feed or sterilizing plant is registered the registering officer shall issue or cause to be issued to the applicant a registration certificate which shall be valid for a period not exceeding 12 months and which shall expire on the 30th of June each year.

(4) An application for the renewal of an existing registration shall be submitted not later than the date on which it expires (viz. on the 30th of June each year).

NOTE.—Applicants are advised to submit their applications for renewal during May of each year.

(5) Applications from outside the Union will be considered only if submitted through a representative resident or carrying on business within the Union.

APPEALS.

3. (1) Whenever an application for registration has been rejected, or where a registration has been made subject to conditions in terms of sub-section (3) of section *three* of the Act, or has been cancelled in terms of section *four* of the Act, the applicant may—

(*a*) within 14 days of being notified of such rejection, imposition of conditions or cancellations, apply to the Registering Officer, in writing, for the reasons for such decision and the Registering Officer shall within 14 days from the date of receipt of such application furnish the applicant, in writing, with such reasons;

(*b*) within 56 days of being notified of such rejection, imposition of conditions or cancellation, appeal to the Minister, in writing, against such decision.

(2) The provisions of paragraph (*a*) of sub-regulation (1) of this regulation shall apply *mutatis mutandis* in respect of any decision given by the Minister in connection with an appeal lodged with him in terms of paragraph (*b*) of the said sub-regulation.

PACKING.

4. (1) Compressed farm feed shall be made up into bales weighing not less than 80 lb. each. If farm feed is sold in bags, the bags shall be whole, clean and free from infection and insect infestation, and shall be closed by sewing.

MARKINGS.

5. (1) On every container in which farm feed intended for sale is packed, or on a label attached to such a container, shall be clearly and legibly marked or printed—

(*a*) the words " Registered under the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947, as amended ";

(*b*) die naam van die vervaardiger, die naam en adres van die firma of persoon verantwoordelik vir die registrasie daarvan, die handelsmerk van die veevoer en die netto gewig van die inhoud van die houer;

(*c*) die klas of soort veevoer;

(*d*) die samestelling van die veevoer, aangegee as minimum of maksimum persentasie van die betrokke bestanddele; byvoorbeeld, „minstens.....persent proteïen" of „hoogstens.....persent vesel";

(*e*) in die geval van 'n veelek bestem om gemeng te word met 'n veevoer, water of enige ander stof, uitvoerige aanwysings oor hoe dit gemeng behoort te word en die hoeveelheid wat vir elke klas lewende hawe aangemaak moet word;

(*f*) in die geval van 'n pluimveemeel moet aangedui word of die mengsel met of sonder graan as 'n vollemeelkos gevoer moet word.

(2) Wanneer gespesifiseer word—

(*a*) die klas of soort van enige veevoer (uitgesonderd 'n veelek), ingevolge paragraaf (*c*) van subregulasie (1) van hierdie regulasie, mag geen ander naam gebruik word nie as dié op daardie klas of soort veevoer in regulasies 9 en 10 en in die geval van 'n veelek, in regulasie 11 van toepassing gemaak nie;

(*b*) die samestelling van 'n veevoer (uitgesonderd 'n veelek) ingevolge paragraaf (*d*) van genoemde subregulasie, mag slegs die stowwe en bestanddele genoem in regulasies 8, 9 en 10 en in die geval van 'n veelek, in regulasie 11, opgegee word.

(3) Uitgenome soos anders by hierdie regulasies of enige ander wet bepaal, mag geen ander woorde of merke as dié in subregulasie (1) van hierdie regulasie bepaal, voorkom op enige houer wat veevoer bevat of op enige etiket daaraan geheg nie.

FAKTURE.

6. (1) Op die faktuur wat, soos vereis by artikel *nege* van die Wet, aan 'n koper van 'n veevoer oorhandig of gestuur moet word, moet aangedui word—

(*a*) die naam en adres van die persoon deur wie dit verkoop word;

(*b*) die naam en adres van die persoon aan wie dit verkoop word;

(*c*) die handelsmerk van die veevoer;

(*d*) die klas of soort veevoer;

(*e*) die netto gewig; en

(*f*) die verkopingsdatum.

(2) By die spesifisering van die klas of soort veevoer ingevolge paragraaf (*d*) van subregulasie (1) van hierdie regulasie, is die bepalings van paragraaf (*a*) van subregulasie (2) of regulasie 5 *mutatis mutandis* van toepassing.

NADELIGE STOWWE VIR VEE.

7. (1) Niemand mag 'n veevoer verkoop wat stowwe bevat in sodanige hoeveelhede dat dit 'n nadelige uitwerking kan hê op die gesondheid of produktiwiteit van diere, of wat in die besondere soort en klas daarvan bekend is vir die lae voedingswaarde daarvan, of wat besmet met of aangetas is deur patogene organismes, insluitende *Bacillus anthracis* en organismes van die gasgangreen-tipe, of wat enige verrottings- of ander organismes bevat in hoeveelhede wat miskien die gesondheid van vee kan benadeel, of wat enige tekens van bederf toon nie.

(2) Geen kunsmatig bereide stof, chemiese samestelling of hormoon waarvoor geen vereistes in hierdie regulasies voorgeskryf is, mag geregistreer word nie, tensy daar benewens die besonderhede genoem in regulasie 5 (1), ook op die houer waarin dit verkoop word of op 'n etiket daaraan geheg, die volgende besonderhede duidelik en leesbaar gemerk of gedruk word:—

(*a*) Die naam van die stof, chemiese samestelling of hormoon, en

(*b*) die gebruiksaanwysings.

(*b*) the name of the manufacturer, the name and address of the firm or person responsible for the registration thereof, the brand of the farm feed and the net weight of the contents of the container;

(*c*) the class or kind of farm feed;

(*d*) the composition of the farm feed or stock lick stated as minimum or maximum percentages of the constituents in question; for instance, "not less than.....per cent protein" or "not more than .....per cent fibre";

(*e*) in the case of a stock lick intended for mixing with a farm feed, water or any other substance, full instructions of how it should be mixed and the amount to be mixed for each class of livestock;

(*f*) in the case of a poultry meal it shall be stated whether the mixture should be fed as an all mash with or without grain.

(2) In specifying—

(*a*) the class or kind of any feed (excluding a stock lick), in terms of paragraph (*c*) of sub-regulation (1) of this regulation no designation other than that applied to that class or kind of farm feed in regulations 9 and 10 and in the case of a stock lick in regulation 11 shall be used;

(*b*) the composition of a farm feed (a stock lick excluded), in terms of paragraph (*d*) of the said sub-regulation, only the substances and constituents mentioned in regulations 8, 9 and 10 and in the case of stock lick in regulation 11 may be referred to.

(3) Save as may otherwise be provided by these regulations or any other law, no words or markings other than those provided for in sub-regulation (1) of this regulation may appear on any receptacle containing a farm feed or on any label attached thereto.

INVOICES.

6. (1) The invoice to be given or sent to a purchaser of a farm feed as required by section *nine* of the Act, shall indicate—

(*a*) the name and address of the person by whom it is sold;

(*b*) the name and address of the person to whom it is sold;

(*c*) the brand of the farm feed;

(*d*) the class or kind of farm feed;

(*e*) the net weight; and

(*f*) the date of sale.

(2) In specifying the class the class or kind of farm feed in terms of paragraph (*d*) of sub-regulation (1) of this regulation the provisions of paragraph (*a*) of sub-regulation (2) of regulation 5 shall *mutatis mutandis* apply.

SUBSTANCES DETRIMENTAL TO STOCK.

7. (1) No person shall sell a farm feed which contains substances in amounts which may detrimentally affect the health or productivity of animals or which is of known inferior feeding value in its kind or class, or which is infected with or contanimated by pathogenic organisms, including *Bacillus anthrocis and organisms* of the gas-gangrene type, or which contains any putrefactive or other organisms in quantities which are likely to endanger the health of stock, or which shows any evidence of spoilage.

(2) No artificially prepared substance, chemical compound or hormone for which no requirements have been specified in these regulations shall be registered unless there is clearly and legibly marked or printed on the container in which it is sold or on a label attached thereto in addition to the particulars mentioned in regulation 5 (1) the following particulars:—

(*a*) The name of the substance, chemical compound or hormone; and

(*b*) the directions for use.

(3) Geen veevoer mag geregistreer word indien 'n kunsmatig bereide stof of chemiese samestelling of hormoon waarvoor geen vereistes in hierdie regulasies voorgeskryf is, daarin opgeneem is nie, tensy daar benewens die besonderhede genoem in regulasie 5 (1), ook op die houer waarin dit verkoop word of op 'n etiket daaraan geheg, die volgende besonderhede duidelik en leesbaar gemerk of gedruk word:—

(*a*) Die naam van die stof, chemiese samestelling of hormoon.

(*b*) Die hoeveelheid opgeneem per ton (2,000 lb.) veevoer.

SPESIFIKASIES VIR VEEVOERMENGSELS.

8. Geen veevoer (uitgesonderd 'n veelek) van enigeen van die volgende klasse of soorte mag geregistreer of verkoop word nie, tensy dit voldoen aan die vereistes hierna in hierdie regulasies voorgeskryf, naamlik:—

(1) *Suiwelmeel* moet hoogstens 10 persent vesel en minstens 17 persent proteïen of hoogstens 1·5 persent Ca en minstens 1 persent Ca bevat en hoogstens 1 persent P of minstens 0·8 persent P.

(2) *Kalfaanvangmeel* moet hoogstens 5 persent vesel en minstens 20 persent proteïen of hoogstens 1·5 persent Ca en minstens 1 persent Ca bevat en minstens 0·8 persent P.

(3) *Kalfgroeimeel* moet hoogstens 8 persent vesel en minstens 16 persent proteïen bevat.

(4) *Groeimeel* (jong melk- of vleisbeeste of skape) moet hoogstens 10 persent vesel en minstens 16 persent proteïen bevat.

(5) *Onderhoudsmeel* (melk- of vleisbeeste of skape) moet hoogstens 15 persent vesel en minstens 13 persent proteïen bevat.

(6) *Vetmaakmeel* (beeste of skape) moet hoogstens 10 persent vesel en minstens 13 persent proteïen bevat.

(7) *Varkmeel* moet hoogstens 7 persent vesel bevat en moet in die geval van—

(*a*) *groeimeel* of *aanvangmeel*, minstens 18 persent proteïen waarvan minstens een-derde van dierlike oorsprong moet wees, en minstens 1 persent of hoogstens 1·5 persent kalsium (Ca) bevat en minstens 0·8 persent fosfor (P);

(*b*) *vetmaakmeel*, minstens 14 persent proteïen waarvan minstens een-derde van dierlike oorsprong moet wees en minstens 0·8 persent fosfor (P) bevat en minstens 1 persent of hoogstens 1·5 persent kalsium (Ca).

(8) *Pluimveemeel* moet in die geval van—

(*a*) *kuiken- en eendjiemeelkos*, hoogstens 7 persent vesel en minstens 19 persent proteïen en minstens 1·4 persent of hoogstens 2 persent kalsium (Ca) bevat en minstens 0·7 persent fosfor (P);

(*b*) *kalkoenaanvangmeelkos*, hoogstens 7 persent vesel en minstens 23 persent proteïen en minstens 1·6 persent of hoogstens 2 persent kalsium (Ca) bevat en minstens 0·8 persent fosfor (P);

(*c*) *pluimveegroeimeelkos*, hoogstens 7 persent vesel en minstens 17 persent proteïen en minstens 1·4 persent of hoogstens 2 persent kalsium (Ca) bevat en minstens 0·7 persent fosfor (P);

(*d*) *lêmeelkos*, hoogstens 10 persent vesel en minstens 18 persent proteïen en minstens 2 persent of hoogstens 3 persent kalsium (Ca) bevat en minstens 1 persent fosfor (P);

(*e*) *vollemeelkos*, d.i. meelkos wat sonder pitvoer gevoer word, hoogstens 7 persent vesel en minstens 15 persent proteïen en minstens 1·4 persent of hoogstens 2 persent kalsium (Ca) bevat en minstens 0·7 persent fosfor (P);

(*f*) *vetmaakmeelkos*, hoogstens 7 persent vesel en minstens 13 persent proteïen.

(3) No farm feed shall be registered if an artificially prepared substance, or chemical compound or hormone has been incorporated in it and for which no requirements have been specified in these regulations unless there is clearly and legibly marked or printed on the container in which it is sold or on a label attached in addition to the particulars mentioned in regulation 5 (1) the following particulars:—

(*a*) The name of the substance, chemical compound or hormone.

(*b*) The amount incorporated per ton (2,000 lb.) of farm feed.

SPECIFICATIONS OF FARM MIXTURES.

8. No farm feed (excluding a stock lick) of any of the following classes or kinds shall be registered or sold unless it complies with the requirements hereinafter prescribed, namely:—

(1) *Dairy meal* shall contain not more than 10 per cent fibre and not less than 17 per cent protein or more than 1·5 per cent Ca and less than 1 per cent Ca and more than 1 per cent P or less than 0·8 per cent P.

(2) *Calf starter meal* shall contain not more than 5 per cent fibre and not less than 20 per cent protein or not more than 1·5 per cent Ca and less than 1 per cent Ca and not less than 0·8 per cent P.

(3) *Calf growth meal* shall contain not more than 8 per cent fibre and not less than 16 per cent protein.

(4) *Growth meal* (young dairy or beef cattle or sheep) shall contain not more than 10 per cent fibre and not less than 16 per cent protein.

(5) *Maintenance meal* (dairy or beef cattle or sheep) shall contain not more than 15 per cent fibre and not less than 13 per cent protein.

(6) *Fattening meal* (cattle or sheep) shall contain not more than 10 per cent fibre and not less than 13 per cent protein.

(7) *Pig meal* shall contain not more than 7 per cent fibre and shall, in the case of—

(*a*) *growth meal or starter meal*, contain not less than 18 per cent protein of which at least one-third shall be of animal origin and not less than 1 per cent or more than 1·5 per cent calcium (Ca) and not less than 0·8 per cent phosphorus (P);

(*b*) *fattening meal*, contain not less than 14 per cent protein of which at least one-third shall be of animal origin and not less than 0·8 per cent phosphorus (P) and not less than 1 per cent or more than 1·5 per cent calacium (Ca).

(8) *Poultry meal* shall, in the case of—

(*a*) *chicken and duckling mash*, contain not more than 7 per cent fibre and not less than 19 per cent protein and not less than 1·4 per cent or more than 2 per cent calcium (Ca) and not less than 0·7 per cent phosphorus (P);

(*b*) *turkey strater mash*, contain not more than 7 per cent fibre and not less than 23 per cent protein and not less than 1.6 per cent or more than 2 per cent calcium (Ca) and not less than 0·8 per cent phosphorus (P);

(*c*) *poultry growing mash*, contain not more than 7 per cent fibre and not less than 17 per cent protein and not less than 1·4 per cent or more than 2 per cent calcium (Ca) and not less than 0·7 per cent phosphorus (P);

(*d*) *laying mash*, contain not more than 10 per cent fibre and not less than 18 per cent protein and not less than 2 per cent or more than 3 per cent calcium (Ca) and not less than 1 per cent phosphorus (P);

(*e*) *all mash*, i.e. mash which is fed without grain, contain not more than 7 per cent fibre and lot less than 15 per cent protein and not less than 1·4 per cent or more than 2 per cent calcium (Ca) and not less than 0·7 per cent phosphorus (P);

(*f*) *fattening mash*, contain not more than 7 per cent fibre and not less than 13 per cent protein.

(9) *Pluimveepitvoermengsel* moet minstens 70 persent van een of meer van die volgende bevat, nl. kafferkoring, gars, hawer, koring of mielies, en moet sonder enige skadelike onkruidsaad, gruis, skulpgruis, houtskool of ander vreemde stowwe wees.

(10) *Perdemengsel* moet minstens 13 persent proteïen en hoogstens 10 persent vesel bevat en die verhouding van kalsium (Ca) tot fosfor daarin moet nie groter as 1·2 wees nie.

(11) *Hondekos* moet minstens 20 persent proteïen en hoogstens 5 persent vesel en 7 persent vet bevat.

SPESIFIKASIES VIR ONGEMENGDE VEEVOER.

9. Geen veevoer (uitgesonderd 'n mengsel of veelek) van enigeen van die volgende klasse of soorte mag geregistreer of verkoop word nie, tensy dit voldoen aan die vereistes hiérna in hierdie regulasies voorgeskryf, naamlik:—

(1) *Wit vismeel* moet bestaan uit gemaalde vars vis, viskoppe en afval van nie-olierige vis gesteriliseer ooreenkomstig regulasie 15 (1), en moet minstens 62 persent proteïen en hoogstens 6 persent vet, 4 persent sout (NaCl) en 10 persent vog bevat.

(2) (*a*) *Vismeel* moet bestaan uit gemaalde vis gesteriliseer ooreenkomstig regulasie 15 (1), moet sonder onaangename reuke wees en moet minstens 60 persent proteïen en hoogstens 10 persent vet, 4 persent sout (NaCl) en 10 persent vog bevat.

(*b*) *Ondergraadse vismeel* moet bestaan uit olierige viskoppe en afval en minstens 55 persent proteïen, hoogstens 12 persent vet, 10 persent vog en 4 persent sout (NaCl) bevat.

(3) *Kreefmeel* moet bestaan uit gemaalde vars kreef gesteriliseer ooreenkomstig regulasie 15 (1) en moet minstens 42 persent proteïen en hoogstens 10 persent vet, 4 persent sout (NaCl), 10 persent vog en 1 persent silika (onoplosbare) bevat.

(4) *Songedroogde kreefmeel* (ondergraads) moet bestaan uit songedroogde kreef en moet minstens 32 persent proteïen en hoogstens 10 persent vog, 10 persent vet, 4 persent sout (NaCl) en 10 persent silika (onoplosbare) bevat.

(5) *Grondboontjie-oliekoek* of *-oliekoekmeel sonder doppe* moet hoogstens 8 persent vesel en 10 persent vet en minstens 42 persent proteïen bevat.

(6) *Lynsaadoliekoek* of *-oliekoekmeel* moet hoogstens 10 persent vet en 9 persent vesel en minstens 33 persent proteïen bevat.

(7) *Sonneblomoliekoek* of *-oliekoekmeel* moet in die geval van—

(*a*) *koek* of *meel sonder doppe*, hoogstens 14 persent vesel en 10 persent vet en minstens 40 persent proteïen bevat; en

(*b*) *koek* of *meel met doppe*, hoogstens 32 persent vesel en 10 persent vet en minstens 20 persent proteïen bevat.

(8) *Palmpitoliekoek* of *-oliekoekmeel* moet hoogstens 18 persent vesel en 10 persent vet en minstens 14 persent proteïen bevat.

(9) *Klapperneutoliekoek* of *-oliekoekmeel* moet hoogstens 12 persent vesel en 10 persent vet en minstens 19 persent proteïen bevat.

(10) *Katoensaadkoek* of *-koekmeel* moet sonder gossipol wees en moet, in die geval van—

(*a*) *koek of meel sonder doppe*, hoogstens 10 persent vesel en 10 persent vet en minstens 40 persent proteïen bevat; en

(*b*) *koek of meel met doppe*, hoogstens 25 persent vesel en 10 persent vet en minstens 20 persent proteïen bevat.

(11) *Sesamoliekoek* of *-oliekoekmeel* moet hoogstens 12 persent vesel en 10 persent vet en minstens 34 persent proteïen bevat.

(9) *Mixed poultry grain* shall not contain less than 70% (per cent) of one or more of the following, viz. kaffircorn, barley, oats, wheat or maize and shall be free from noxious weed seeds, grit, shell grit, charcoal or other foreign matter.

(10) *Horse mixture* shall contain not less than 13 per cent protein and not more than 10 per cent fibre and the ratio of calcium (Ca) to phosphorus (P) therein shall not be wider than 1:2.

(11) *Dog feed* shall contain not less than 20 per cent protein and not more than 5 per cent fibre and 7 per cent fat.

SPECIFICATION OF UNMIXED FARM FEEDS.

9. No farm feed (not being a mixture or a stock lick) of any of the following classes or kinds shall be registered or sold unless it complies with the requirements hereinafter prescribed, namely:—

Gabriel Johannes Rousseau, Bokfontein No. 47, Jacksonstuin, Brits	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Brits	3 Mei, 1955, om 10 vm./*3rd May*, 1955, *at* 10 *a.m.*

✱ KENNISGEWING No. 263 VAN 1955.

KENNISGEWING VAN VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS DIE BOERE-BYSTANDSWET, 1935 (WET No. 48 VAN 1935).

Hierby word bekendgemaak dat die Boere-Bystandsraad besluit het om, kragtens artikel *tien* van die Boere-Bystandswet, 1935 (Wet No. 48 van 1935), 'n vergadering van die ondergenoemde applikant en sy skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem, te belê ten einde hulle in staat te stel om hul vorderings teen hom te bewys en 'n voorstel van die Raad te oorweeg.

G. A. J. DE JONG,
Sekretaris,
Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte.

Insake Aansoek van. Re *Application by.*	Plek van Byeenkoms. *Place of Meeting.*	Datum en Tyd. *Date and Time.*
William Walter Stock, Rietfontein No. 84, Pk./*P.O.* Muldersdrift, Distrik/*District* Krugersdorp.	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Krugersdorp	3 Mei, 1955, om 10 vm./*3rd May*, 1955, *at* 10 *a.m.*

✱ NOTICE No. 263 OF 1955.

NOTICE OF MEETING OF CREDITORS UNDER THE FARMERS' ASSISTANCE ACT, 1935 (ACT No. 48 OF 1935).

Notice is hereby given that the Farmers' Assistance Board has resolved to call a meeting of the undermentioned applicant and his creditors to be held at the place and on the date mentioned in pursuance of section *ten* of the Farmers' Assistance Act, 1935 (Act No. 48 of 1935), for the purpose of proving their claims against him and to consider a proposal by the Board.

G. A. J. DE JONG,
Secretary,
State Advances Recoveries Office.

Insake Aansoek van. Re *Application by.*	Plek van Byeenkoms. *Place of Meeting.*	Datum en Tyd. *Date and Time.*
William Walter Stock, Rietfontein No. 84, Pk./*P.O.* Muldersdrift, Distrik/*District* Krugersdorp.	Kantoor van die Magistraat/*Office of the Magistrate,* Krugersdorp	3 Mei, 1955, om 10 vm./*3rd May*, 1955, *at* 10 *a.m.*

DIVERSE.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

KENNISGEWING No. 209 VAN 1955.

MYNBESTUURDERSEKSAMEN.

Hierby word bekendgemaak dat die volgende eksamen vir Mynbestuurdersertifikate van Bevoegdheid op Woensdag, Donderdag en Vrydag, 25, 26 en 27 Mei 1955, op verskillende plekke in die Unie en, indien daar kandidate van Buluwayo, Salisbury en Ndolo is, tegelykertyd ook daar afgeneem sal word.

Inskrywings moet voor of op 29 April 1955 ingestuur word op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat op aanvraag by die Sekretaris van die Eksamenkommissies, Posbus 1132, Johannesburg, verkrygbaar is.

Onderstaande eksamenleerplan word vir algemene inligting gepubliseer, en 'n afskrif daarvan met volledige besonderhede sal deur die Sekretaris op aanvraag verstrek word.

Kandidate moet in die volgende vakke eksamen doen:—

1. Mynbou en mynventilasie.
2. Werktuigkundige en elektrotegniek.
3. Regskennis.
4. Geologie.
5. Mynopmeting.

4-11-18

MISCELLANEOUS

DEPARTMENT OF MINES.

NOTICE No. 209 OF 1955.

MINE MANAGERS' EXAMINATION.

It is hereby notified that the next examination for Mine Managers' Certificate of Competency will be held at various centres in the Union on Wednesday, Thursday and Friday the 25th, 26th and 27th May, 1955, and also simultaneously at Buluwayo, Salisbury and Ndola if there are any applicants from these centres.

Entries must be submitted not later than the 29th April, 1955, on the prescribed form of application which is obtainable from the Secretary to the Commissions of Examiners, P.O. Box 1132, Johannesburg.

The following syllabus of the examination is published for general information, and a detailed copy thereof will be supplied on application to the Secretary.

Candidates will be examined in the following subjects:—

1. Mining and Mine Ventilation.
2. Mechanical and Electrical Engineering.
3. Legal Knowledge.
4. Geology.
5. Mine Surveying.

✱ KENNISGEWING No. 247 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN OUKLOOF.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. S. P. S. Luttig en A. J. Bothma tot lede van die Besproeiingsraad van Oukloof vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum hiervan gekies is in die plek van mnre. S. P. S. Luttig en J. D Gouws wie se ampstermyn verstryk het.

R. T. A. MÜLLER,
Magistraat.

Prins Albert, 18 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 248 VAN 1955.

WET OP MATEN EN GEWICHTEN, 1922.

Ingevolge artikel *vier-en-twintig* (1) van die Wet op Maten en Gewichten, 1922, gelees met regulasie 3 (1), Deel I, van die Regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, word hierby bekendgemaak dat alle persone in die magistraatsdistrikte Witbank, Middelburg, Groblersdal, Belfast en Carolina, wat weeg- of meetinstrumente, gewigte of mate in die handel gebruik, hierdie instrumente, gewigte of mate voor of op 26 Mei 1955 moet vertoon sodat hulle nagesien en geyk of heryk kan word.

'n Handelaar wie se perseel verder weg is as 12 myl van die naaste ykstasie wat in onderstaande lys vermeld word, kan al sy weeg- of meetinstrumente op sy perseel laat yk mits hy sonder versuim ooreenkomstig hierdie kennisgewing *skriftelik* daarom aansoek doen.

Iemand wat vaste meetinstrumente of weeginstrumente met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. het, moet die Distriksyker, Posbus 431, Pretoria, of die polisiekantoor wat die naaste is aan die plekke wat in onderstaande lys genoem word, dadelik *skriftelik* in kennis stel van die plek waar sulke instrumente is sodat hulle, indien nodig, op die perseel geyk kan word.

In gevalle waar instrumente op die perseel van die handelaar geyk word, word ekstra gelde vir die diens gevorder.

Die yker sal teenwoordig wees op die plekke, datums en ure wat in onderstaande lys vermeld word.

F. E. ROWLAND,
Superintendent van Ykwese.

Pretoria, 4 Maart 1955.

BYLAE.

Kendal, Bethal Milling Co., van 8.30 vm. tot 10.30 vm., 4 April 1955.
Ogies, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 5 April 1955.
Witbank, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 12 en 13 April 1955.
Doringkop, mnr. J. Linnenkamp se winkel, van 2 nm. tot 3 nm., 18 April 1955.
Groblersdal, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 20 April 1955.
Marble Hall, Polisiekantoor, van 11 vm. tot 12 middag, 21 April 1955.
Dennilton, Dennilton-kontantwinkel, van 10 vm. tot 11 vm., 22 April 1955.
Haakdoringdraai, mnr. Wienand se winkel, van 3 nm. tot 4 nm., 25 April 1955.
Malaita, Secoecoeni-handelsmaatskappy, van 9 vm. tot 10 vm., 26 April 1955.
Mooifontein, Secoecoeni-handelsmaatskappy, van 2 nm. tot 3 nm., 26 April 1955.
Stoffberg, Oostelike Transvaalse Ko-operasie, van 8.30 vm. tot 9.30 vm., 28 April 1955.
Hartelus, Ackerman se Meul, van 11.30 vm. tot 12.30 nm., 28 April 1955.
Middelburg, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 2 en 3 Mei 1955.
Hendrina, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 11 vm., 5 Mei 1955.
Wonderfontein, Polisiekantoor, van 12 middag tot 1 nm., 9 Mei 1955.

✱ NOTICE No. 247 OF 1955.

OUKLOOF IRRIGATION BOARD.

It is hereby notified that Messrs. S. P. S. Luttig and A. J. Bothma have been elected members of the Oukloof Irrigation Board from the date hereof for a period of three years, in the place of Messrs. S. P. S. Luttig and J. D. Gouws, whose periods of service have expired.

R. T. A. MÜLLER,
Magistrate.

Prince Albert, 18th March, 1955.

✱ NOTICE No. 248 OF 1955.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-four* (1) of the Weights and Measures Act, 1922, read with regulation 3 (1), Part I, of the regulations under the Act that all persons in the Magisterial Districts of Witbank, Middelburg, Groblersdal, Belfast and Carolina, having weighing and measuring instruments, weights or measures in use in trade, are required to produce same in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 26th May, 1955.

Any trader whose premises are situated at a distance exceeding 12 miles from the nearest Assize Station shown on this Schedule, may have all his weighing and measuring instruments assized on his premises, provided application is made, *in writing*, without delay in accordance with this notice.

Persons having fixed measuring instruments, or weighing instruments having a weighing capacity exceeding 600 lb., must forthwith notify, *in writing*, the District Assizer, P.O. Box 431, Pretoria, or the nearest Police Station to the places shown on this Schedule of the position thereof, in order that they may be assized on the premises if required.

Where instruments are assized on trader's premises, additional charges are made for attendance.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

F. E. ROWLAND,
Superintendent of Assize.

Pretoria, 4th March, 1955.

SCHEDULE.

Kendal, Bethal Milling Co., from 8.30 a.m. to 10.30 a.m., 4th April, 1955.
Ogies, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 5th April, 1955.
Witbank, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 12th and 13th April, 1955.
Doringkop, Mr. J. Linnenkamp's Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 18th April, 1955.
Groblersdal, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 20th April, 1955.
Marble Hall, Police Station, from 11 a.m. to 12 noon, 21st April, 1955.
Dennilton, Dennilton Cash Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 22nd April, 1955.
Haakdoorndraai, Mr. Wienand's Store, from 3 p.m. to 4 p.m., 25th April, 1955.
Malaita, Secoecoeni Trading Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 26th April, 1955.
Mooifontein, Secoecoeni Trading Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 26th April, 1955.
Stoffberg, Oostelike Transvaalse Ko-operasie, from 8.30 a.m. to 9.30 a.m., 28th April, 1955.
Hartelus, Ackerman's Mill, from 11.30 a.m. to 12.30 p.m., 28th April, 1955.
Middelburg, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 2nd and 3rd May, 1955.
Hendrina, Police Station, from 10 a.m. to 11 a.m., 5th May, 1955.
Wonderfontein, Police Station, from 12 noon to 1 p.m., 9th May, 1955.

Dullstroom, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 11 vm., 10 Mei 1955.
Belfast, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 11 Mei 1955.
Machadodorp, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 13 Mei 1955.
Waterval-Bo, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 16 Mei 1955.
Carolina, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 20 Mei 1955.
Badplaas, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 24 Mei 1955.

✱ KENNISGEWING No. 252 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN SCANLEN.

Hierby word ooreenkomstig paragrawe 9 en 10 van deel IV van die regulasies wat kragtens die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, uitgevaardig is, bekendgemaak dat die ampstermyn van ondergenoemde persone as lede van die Besproeiingsraad van Scanlen op 2 April 1955 verstryk:—

J. M. Martin.
G. L. Lance.

'n Openbare hofsitting sal om 10-uur vm., op Saterdag, 19 Maart 1955, in die Magistraatskantoor, Cradock, gehou word om lede in die plek van die uittredende lede te kies.

H. J. BARKER,
Magistraat.

Cradock, 2 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 253 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN GANNAVLAKTE.

Hierby word ooreenkomstig paragrawe 9 en 10 van deel IV van die regulasies wat kragtens die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, uitgevaardig is, bekendgemaak dat daar vakatures in die Besproeiingsraad van Gannavlakte ontstaan het weens die bedanking van ondergenoemde persone:—

C. R. Antrobus.
P. O. Fitzhenry.
H. P. Lombard.

Verder word bekendgemaak dat 'n openbare hofsitting om 10-uur vm. op Saterdag, 26 Maart 1955, in die Magistraatskantoor, Cradock, gehou sal word vir die nominasie en verkiesing van lede om die vakatures te vul.

Die lede wat gekies word, sal die amp beklee vir die onverstreke gedeeltes van die ampstermyne van bogenoemde persone.

H. J. BARKER,
Magistraat.

Cradock, 3 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 254 VAN 1955.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat seeweer-oefening deur die artillerie uitgevoer sal word op die plekke, datums en ure hieronder vermeld:—

Datum.	*Uur.*	*Battery en aard van skietoefening.*
Kaapstad—		
30 Maart 1955.	0800- tot 1400-uur	Wynyard—Swaar-geskut.
1 April 1955...	0800- tot 1400-uur	Duncan—Ligte-geskut.

(Die reekse wat vir 30 Maart 1955 bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op 1 April 1955 plaasvind. As die weer op 1 April 1955 so is dat die oefening nie kan plaasvind nie, sal al die reekse op 2 April 1955 gevuur word.)

Simonstad—		
28 Maart 1955.	1400-uur.....	Lower North—Twee reekse van agt skote elk—Ligte-geskut.

Dullstroom, Police Station, from 10 a.m. to 11 a.m., 10th May, 1955.
Belfast, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 11th May, 1955.
Machadodorp, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 13th May, 1955.
Waterval-Bo, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 16th May, 1955.
Carolina, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 20th May, 1955.
Badplaas, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 24th May, 1955.

✱ NOTICE No. 252 OF 1955.

SCANLEN IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given, in terms of paragraphs 9 and 10 of part IV of the regulations under the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended, that the period of office of the undermentioned persons, as members of the Scanlen Irrigation Board, will expire on the 2nd April, 1955:—

J. M. Martin.
G. L. Lance.

A public court will be held at the Magistrate's office, Cradock, on Saturday, 19th March, 1955, at 10 a.m., for the election of members to replace the outgoing members.

H. J. BARKER,
Magistrate.

Cradock, 2nd March, 1955.

✱ NOTICE No. 253 OF 1955.

GANNAVLAKTE IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given, in terms of paragraphs 9 and 10 of part IV of the regulations under the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, that vacancies have occurred on the Gannavlakte Irrigation Board, owing to the resignation of the undermentioned persons:—

C. R. Antrobus.
P. O. Fitzhenry.
H. P. Lombard.

It is further notified that a public court will be held at the Magistrate's Court, Cradock, on Saturday, 26th March, 1955, at 10 a.m., for the nomination and election of members to fill the vacancies.

The members elected will hold office for the unexpired periods of the above-mentioned terms of office.

H. J. BARKER,
Magistrate.

Cradock, 3rd March, 1955.

✱ NOTICE No. 254 OF 1955.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.

1. It is notified for information that firing practice seawards will be carried out by the artillery at the places on the dates and at the times stated below:—

Date.	*Time.*	*Battery and Nature of Practice.*
Cape Town—		
30 March, 1955	0800 to 1400 hours	Wynyard—Heavy artillery fire.
1 April, 1955..	0800 to 1400 hours	Duncan—Light artillery fire.

(The series scheduled for the 30th March, 1955, are subject to weather conditions and may be cancelled, in which case they will be fired on the 1st April, 1955. If weather conditions preclude practice on the 1st April, 1955, all series will be fired on 2nd April, 1955.)

Simonstown—		
28 March, 1955	1400 hours.....	Lower North—Two series of eight rounds each—Light artillery.

(Die reekse wat vir 28 Maart 1955 bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op 29 Maart 1955 plaasvind.)

Strandfontein—		
28 Maart 1955 tot 1 April 1955 (albei datums inbegrepe)	0900- tot 1500-uur daagliks	Strandfontein — Swaar en ligte lugafweer.

2. Bewoners en eienaars van geboue in die omgewing van die batterye in paragraaf 1 genoem word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefeninge plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied in die Bylae hiervan bepaal, binne te gaan terwyl die skietoefeninge aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings kragtens die bepalings hiervan uitgegee, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van die veiligheidspatrollies te verontagsaam.

5. Die Bevelvoerder, Kuskommandement, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na die datum van die skietoefening by sy kantoor te Youngsfield, Pk. Wynberg, ingedien word.

BYLAE.

Die seegebiede begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

WYNYARD- EN DUNCAN-BATTERY.

Lengtegraad—	*Breedtegraad*—
18° 23′ O.	33° 51′ S.
18° 28′ O.	33° 51′ S.
18° 27′ O.	33° 54½′ S.
18° 23′ O.	33° 53′ S.

LOWER NORTH-BATTERY.

Lengtegraad—	*Breedtegraad*—
18° 29·8′ O.	34° 06·9′ S.
18° 31·6′ O.	34° 08·4′ S.
18° 31·7′ O.	34° 10·7′ S.
18° 25·7′ O.	34° 10·6′ S.

STRANDFONTEIN-BATTERY.

Lengtegraad—	*Breedtegraad*—
18° 33′ O.	34° 30′ S.
18° 29′ O.	34° 16′ S.
18° 49′ O.	34° 16′ S.
18° 49′ O.	34° 10′ S.

(The series scheduled for the 28th March, 1955, are subject to weather conditions and may be cancelled in which case they will be fired on the 29th March, 1955.)

Strandfontein—		
28 March, 1955, to 1st April, 1955 (both inclusive)	0900 to 1500 hours	Strandfontein—Heavy and light anti-aircraft.

2. Residents and owners of buildings in the vicinity of the batteries quoted in paragraph 1 above are warned to leave all windows open during firing practice.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea areas as specified in the Schedule hereto while firing practice is in progress.

4. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the officer in command or any member of safety patrols.

5. The Officer Commanding Coastal Command is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at Youngsfield, P.O. Wynberg, within 30 days from the date of the practice.

SCHEDULE.

The sea areas enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

WYNYARD AND DUNCAN BATTERIES.

Longitude—	*Latitude*—
18° 23′ E.	33° 51′ S.
18° 28′ E.	33° 51′ S.
18° 27′ E.	33° 54½′ S.
18° 23′ E.	33° 53′ S.

LOWER NORTH BATTERY.

Longitude—	*Latitude*—
18° 29·8′ E.	34° 06·9′ S.
18° 31·6′ E.	34° 08·4′ S.
18° 31·7′ E.	34° 10·7′ S.
18° 25·7′ E.	34° 10·6′ S.

STRANDFONTEIN BATTERY.

Longitude—	*Latitude*—
18° 33′ E.	34° 30′ S.
18° 29′ E.	34° 16′ S.
18° 49′ E.	34° 16′ S.
18° 49′ E.	34° 10′ S.

✱ KENNISGEWING No. 255 VAN 1955.

DRANKLISENSIERAAD VIR DIE DISTRIK WYNBERG.

TUSSENTYDSE VERGADERING.

Hierby word ooreenkomstig artikel *een-en-twintig* van die Drankwet, No. 30 van 1928, soos gewysig, bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad vir die distrik Wynberg om 10 vm. op Vrydag, 6 Mei 1955, in die Magistraatshof te Wynberg gehou sal word vir die oorweging van die volgende aansoek:—

AANSOEK OM VOORWAARDELIKE MAGTIGING VIR 'N HOTELDRANKLISENSIE.

Du Toit, Jacob Izak Johannes, Persele Nos. 1 tot 6, Greenacres-landgoed, geleë in Lansdowneweg, Wetton, in die Afdelingsraadgebied van die Kaap, groot 57,933 vierkant voet, gehou kragtens Transportaktes Nos. 20428/47 en 28951/48 (A) (B) (C) (D).

(A) Verlengde ure tot 11 nm.
(B) Reg om ander besigheid te dryf—artikel *nege-en-sestig* (*a*).
(C) Reg om sterk drank op geslote dae te verskaf—artikel *vyf-en-sewentig* (1) (*b*).
(D) Loseerders- en gastevoorregte—artikel *vyf-en-sewentig* (2).

J. G. SUTTON,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Wynberg, Kaap.

✱ NOTICE No. 255 OF 1955.

LIQUOR LICENSING BOARD FOR THE DISTRICT OF WYNBERG.

INTERIM MEETING.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-one* of the Liquor Act No. 30 of 1928, as amended, that an Interim Meeting of the Liquor Licensing Board for the District of Wynberg will be held at 10 a.m. on Friday, the 6th day of May, 1955, in the Magistrate's Court at Wynberg, for consideration of the following application:—

APPLICATION FOR CONDITIONAL AUTHORITY FOR A HOTEL LIQUOR LICENCE.

Du Toit, Jacob Izak Johannes, Lots Nos. 1-6, Greenacres Estate, situate at Lansdowne Road, Wetton, in the Divisional Council Area, Cape, measuring 57,933 square feet, held in terms of Deeds of Transfer Nos. 20428/47 and 28951/48 (A) (B) (C) (D).

(A) Extended hours to 11 p.m.
(B) Right to conduct other business—section *sixty-nine* (*a*).
(C) Right to serve liquor on closed days—section *seventy-five* (1) (*b*).
(D) Lodgers and guest privileges—section *seventy-five* (2).

J. G. SUTTON,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Wynberg, Cape.

✱ KENNISGEWING No. 256 VAN 1955.

KENNISGEWING VAN ONTVLUGTING.

'n Beloning van drie pond (£3) en alle redelike uitgawes sal betaal word vir die hergevangeneming van ondergenoemde bandiet.

ISAI NDHLOVU.

Ontvlug uit tronk, Verulam; datum van ontvlugting, 24 Februarie 1955; stamnaam, Ndhlovu; vader se naam, Ndhlovu; geboorteplek, Clermont; ras, Zoeloe; beroep, arbeider; ouderdom, 26 jaar; lengte, 5 vt. 4 dm,; hare, swart, kort; oë, normaal, donkerbruin; gelaatskleur, swart; liggaamsbou, fris; mond, groot; neus, plat; ore, klein; ken, rond; gesig, rond; baard, geskeer; snorbaard, geskeer; tande, gesond.

Littekens.—Litteken bokant regterknieskyf.

Klere ten tyde van ontvlugting: Kortbroek, molvel; hemp, rooi flanel.

Is as volg gevonnis: Deur Magistraat, te Durban, op 21 Januarie 1955, weens huisbraak met die doel om te steel en diefstal, tot agt (8) maande gevangenisstraf met dwangarbeid en vyf (5) houe.

✱ KENNISGEWING No. 257 VAN 1955.

DRANKWET, 1928.

DRANKLISENSIERAAD VIR DIE DISTRIK BATHURST.

TUSSENTYDSE VERGADERING.

Hierby word ooreenkomstig artikel *een-en-twintig*, gelees met artikel *vier-en-vyftig*, van die Drankwet, No. 30 van 1928, soos gewysig, bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad vir die distrik Bathurst om 10 vm. op Donderdag, 21 April 1955, in die Magistraatshof te Port Alfred gehou sal word vir die oorweging van 'n aansoek van Gustav Carl Tiedemann om voorwaardelike magtiging, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig*, vir 'n hoteldranklisensie ten opsigte van die perseel geleë op Erf No. 5, Kenton-on-Sea, afdeling en distrik Bathurst (A) (B) (C).

(A) Reg om ander besigheid te dryf—artikel *nege-en-sestig* (*a*).
(B) Reg om sterk drank opgeslote dae te verskaf—artikel *vyf-en-sewentig* (1) (*b*).
(C) Loseerders- en gastevoorregte—artikel *vyf-en-sewentig* (2).

J. M. SMUTS,
Magistraat.

Port Alfred,
3 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 258 VAN 1955.

IN DIE WATERHOF VAN WATERHOFDISTRIK No. 22.

KENNISGEWING VAN VERHOOR.

Die aansoek van H. B. Knott en B. A. Knott om toestemming om uit die normale stroom en/of surpluswater van die Sabierivier 'n hoeveelheid water van hoogstens 75 kuseks te neem met die doel om hidrouliese krag te ontwikkel.

Geliewe kennis te neem dat die Waterhof van hierdie Waterhofdistrik bogenoemde aansoek te Sabie, Oos-Transvaal, om 9.30 voormiddag op die 3de dag van Mei 1955, sal hoor.

Selfs al maak u nie persoonlik u opwagting nie en al word u ook nie deur iemand wat skriftelik deur u gemagtig is, op die tyd en plek hierbo vermeld, verteenwoordig nie, sal dié bevel gegee en dié stappe gedoen word wat die Hof regverdig en dienstig beskou.

E. J. WHITE,
Griffier van Waterhowe (Noord).

Posbus 473,
Pretoria,
18 Februarie 1955.

✱ NOTICE No. 256 OF 1955.

NOTICE OF ESCAPE.

A reward of three pounds and all reasonable expenses will be paid for the recapture of the undermentioned convict.

ISAI NDHLOVU.

Escaped from gaol, Verulam; date of escape, 24th February, 1955; tribal name, Ndhlovu; father's name, Ndhlovu; birth place, Clermont; race, Zulu; calling, labourer; age, 26 years; height, 5 ft. 4 in.; hair, black, short; eyes, normal, dark brown; complexion, black; build, strongly built; mouth, large; nose, flat; ears, small; chin, round; face, round; beard, shaven; moustache, shaven; teeth, sound.

Scars.—Scar above right kneecap.

Clothes at time of escape: Shorts, moleskin; shirt, red flannel.

Was sentenced as follows: By Magistrate, at Durban, on 21st January, 1955, for housebreaking with intent to steal and theft, to eight (8) months' imprisonment with compulsory labour and to receive a whipping of five (5) strokes.

✱ NOTICE No. 257 OF 1955.

LIQUOR ACT, 1928.

LIQUOR LICENSING BOARD FOR THE DISTRICT OF BATHURST.

INTERIM MEETING.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-one* read with section *fifty-four* of the Liquor Act No. 30 of 1928, as amended, that an Interim Meeting of the Liquor Licensing Board for the District of Bathurst, will be held at 10 a.m. on Thursday the 21st of April, 1955, in the Magistrate's Court at Port Alfred for the consideration of an application by Gustav Carl Tiedemann for conditional authority in terms of section *thirty-two* for an Hotel Liquor Licence in respect of premises situate at Erf No. 5, Kenton-on-Sea, Division and District of Bathurst (A) (B) (C).

(A) Right to conduct other business section *sixty-nine* (*a*).
(B) Right to serve liquor on closed days—section *seventy-five* (1) (*b*).
(C) Lodger's and guest's privileges—section *seventy-five* (2).

J. M. SMUTS,
Magistrate.

Port Alfred,
3rd March, 1955.

✱ NOTICE No. 258 OF 1955.

IN THE WATER COURT FOR THE WATER COURT DISTRICT No. 22.

NOTICE OF HEARING.

The application of H. B. Knott and B. A. Knott for permission to abstract from the normal flow and/or surplus water of the Sabie River an amount of water up to 75 cusecs for the purpose of developing hydraulic power.

Take notice that the Water Court of this Water Court District will hear the above application at Sabie, Eastern Transvaal, on the 3rd day of May, 1955, at the hour of 9.30 in the forenoon.

Even if you do not attend either in person or by another person authorised in writing by you at the time and place above mentioned, such order will be made and proceedings taken as the Court may think just and expedient.

E. J. WHITE,
Registrar of Water Courts (North).

P.O. Box 473,
Pretoria,
18th February, 1955.

✱ KENNISGEWING No. 259 VAN 1955.

IN DIE WATERHOF VAN WATERHOFDISTRIK No. 22.

KENNISGEWING OM TE PLEIT.

Neem kennis dat as u 'n pleit en/of teeneis teen die aansoek van H. B. Knott en B. A. Knott, waarvan 'n afskrif hierby aan u beteken word, wil indien, u so 'n pleit en/of teeneis voor of op die 15de dag van April 1955 by die Griffier van die Waterhof in Kamer No. 8, Paleis van Justisie, Pretoria, moet indien en tegelykertyd 'n afskrif van die pleit en/of teeneis aan die applikante of hulle prokureurs, die firma Ross & Jacobsz, Volkskas-gebou, Pretoria, moet beteken.

E. J. WHITE,
Griffier van Waterhowe (Noord).

Posbus 473,
Pretoria,
18 Februarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 260 VAN 1955.

IN DIE WATERHOF VAN WATERHOFDISTRIK No. 22.

KENNISGEWING VAN VERKIESING VAN ASSESSOR.

Insake die aansoek deur H. B. Knott en B. A. Knott.

Geliewe kennis te neem dat, ooreenkomstig die Wet en regulasies, Jan George Steenkamp, van Selonsrivier, Middelburg, tot lid van die Waterhof gekies is om sitting te neem saam met die regter en 'n ingenieur deur die Minister benoem ingevolge artikel *agt-en-twintig* van die Wet, en dat u hierby versoek word om, as u beswaar teen genoemde assessor maak, voor of op die 15de dag van April 1955 skriftelik kennis daarvan aan die Griffier van hierdie Hof, te Pretoria, te gee, by gebreke waarvan dit beskou sal word dat u van die reg van beswaar afstand gedoen het.

U beswaar moet by wyse van 'n beëdigde verklaring geskied en u moet die rede vir u beswaar, wat een of meer van die volgende kan wees, vermeld:—

1. Dat hy aan een van die partye of aan iemand wat persoonlik by die uitslag van die aansoek belang het, binne die vierde graad verwant is, hetsy deur bloed of deur huwelik.
2. Dat hy 'n regstreekse of onregstreekse belang by die uitslag van die aansoek het.
3. Dat hy reeds tevore sy mening betreffende die meriete van die aansoek opsetlik te kenne gegee het.
4. Persoonlike vyandskap tussen enige party en die assessor.
5. Dat hy nie die kwalifikasies vereis by subartikel *agt-en-twintig* van Wet No. 8 van 1912, besit nie.

E. J. WHITE,
Griffier van Waterhowe (Noord).

Posbus 473,
Pretoria,
18 Februarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 261 VAN 1955.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING, PORT ELIZABETH.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat seeweer-oefening deur die kusartillerie te Port Elizabeth uitgevoer sal word op die datums en ure hieronder vermeld:—

Datum.	*Uur.*	*Battery en aard van Skietoefening.*
31 Maart 1955.	0900-uur.....	Algoa — 6″ halflading — 5 reekse.
1 April 1955...	0900-uur.....	Dokke (Charl Malankaai) —6-ponder.

(Die reekse wat vir 31 Maart 1955 en 1 April 1955 bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op 2 April 1955 plaasvind.)

✱ NOTICE No. 259 OF 1955.

IN THE WATER COURT FOR THE WATER COURT DISTRICT No. 22.

NOTICE TO PLEAD.

Take notice that if you wish to file a plea and/or counterclaim to the application of H. B. Knott and B. A. Knott, copy whereof is served on you herewith, you are hereby required to file such plea and/or counterclaim with the Registrar of the Water Court at Room No. 8, Palace of Justice, Pretoria, on or before the 15th day of April, 1955, and at the same time serve a copy of such plea and/or counterclaim on the applicants or their attorneys, Messrs. Ross & Jacobsz, Volkskas Building, Pretoria.

E. J. WHITE,
Registrar of Water Courts (North).

P.O. Box 473,
Pretoria,
18th February, 1955.

✱ NOTICE No. 260 OF 1955.

IN THE WATER COURT FOR THE WATER COURT DISTRICT No. 22.

NOTICE OF SELECTION OF ASSESSOR.

In the matter of the application of H. B. Knott and B. A. Knott.

Take notice that in terms of the Act and regulations, Jan George Steenkamp, of Selonsrivier, Middelburg, has been selected to sit as a member of the Water Court along with the President and an engineer nominated by the Minister under section *twenty-eight* of the Act, and that you are hereby required, in case you object to the said assessor, to give notice thereof, in writing, to the Registrar of this Court, at Pretoria, on or before the 15th day of April, 1955, failing which notice you will be held to waive all right of objection.

Your objection must be on affidavit and must state the cause for which you object, which may be one or more of the following:—

1. Consanguinity or affinity within the fourth degree to any of the parties or to any person who has a personal interest in the result of the application.
2. Having directly or indirectly an interest in the result of the application.
3. Having previously deliberately expressed an opinion as to the merits of the application.
4. Personal enmity between any party and the assessor.
5. Lack of the qualifications required by sub-section (2) of section *twenty-eight* of Act No. 8 of 1912.

E. J. WHITE,
Registrar of Water Courts (North).

P.O. Box 473,
Pretoria,
18th February, 1955.

✱ NOTICE No. 261 OF 1955.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES, PORT ELIZABETH.

1. It is notified for information that firing practice seawards will be carried out by coastal artillery at Port Elizabeth on the dates and at the time stated below:—

Date.	*Time.*	*Battery and Nature of Practice.*
31 March, 1955	0900 hours.....	Algoa—6″ half charge—5 series.
1 April 1955...	0900 hours.....	Docks (Charl Malan Quay) —6 pounder.

(The series scheduled for 31st March, 1955, and 1st April, 1955, are subject to weather conditions and may be cancelled, in which case they will take place on 2nd April, 1955.)

2. Bewoners van die omgewing in paragraaf 1 genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefeninge plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied in die Bylae hiervan bepaal, binne te gaan terwyl die skietoefeninge aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings kragtens die bepalings hiervan uitgegee, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie te verontagsaam.

5. Die Bevelvoerder, Kommandement Oostelike Provinsie en Grens, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet voor of om 1400-uur op 16 April 1955 by sy kantoor ingedien word.

BYLAE.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

Lengtegraad—	*Breedtegraad—*
25° 38′ 30″ O.	33° 52′ 30″ S.
25° 39′ 06″ O.	33° 58′ 59″ S.
25° 45′ 00″ O.	34° 00′ 00″ S.
25° 45′ 00″ O.	33° 55′ 00″ S.

✱ KENNISGEWING No. 262 VAN 1955.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING, DURBAN.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat seeweeroefening deur die kusartillerie te Durban gehou sal word op die datums en ure hieronder vermeld:—

Datum.	*Uur.*	*Battery en aard van skietoefening.*
30 Maart 1955...	1130- tot 1300-uur	Kings, Noordpier — Ligte-geskut.
1 April 1955.....	1400- tot 1600-uur	Bluff—Swaar-geskut.

(Die skietoefeninge wat vir bogemelde dae bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal hulle onderskeidelik 'n dag later plaasvind.)

2. Bewoners van die omgewing in paragraaf 1 genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefeninge plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied in die Bylae hiervan bepaal, binne te gaan terwyl die skietoefeninge aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings kragtens die bepalings hiervan uitgegee, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie te verontagsaam.

5. Die Bevelvoerder, Kommandement Natal, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet voor of op 9 April 1955 by sy kantoor te Snell Parade ingedien word.

BYLAE.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

Lengtegraad—	*Breedtegraad—*
31° 05′ 00″ O.	29° 45′ 00″ S.
31° 02′ 00″ O.	30° 00′ 00″ S.
31° 15′ 00″ O.	30° 00′ 00″ S.
31° 15′ 00″ O.	29° 45′ 00″ S.

✱ KENNISGEWING No. 264 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Ek, Francois Jean de Villiers, Voorsitter van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, behoorlik deur Raadsbesluit daartoe gemagtig, verklaar hiermee, met goedkeuring van Sy Edele die Minister van Ekono-

2. Residents in the vicinity as stated in paragraph 1 above are warned to leave all windows open during firing practice.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea area as specified in the Schedule hereto while firing practice is in progress.

4. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the officer in command or any member of the safety patrols.

5. The Officer Commanding, Eastern Province and Border Command, is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office not later than at 1400 hours on 16th April, 1955.

SCHEDULE.

The sea area enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

Longitude—	*Latitude—*
25° 38′ 30″ E.	33° 52′ 30″ S.
25° 39′ 06″ E.	33° 58′ 59″ S.
25° 45′ 00″ E.	34° 00′ 00″ S.
25° 45′ 00″ E.	33° 55′ 00″ S.

✱ NOTICE No. 262 OF 1955.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES, DURBAN.

1. It is notified for information that firing practice seawards will be carried out by coastal batteries at Durban on the dates and at the times stated below:—

Date.	*Time.*	*Battery and Nature of Practice.*
30 March, 1955	1130 to 1300 hours	Kings, North Pier—Light artillery fire.
1 April 1955...	1400 to 1600 hours	Bluff—Heavy artillery fire.

(The practices scheduled for the above dates are subject to weather conditions and may be cancelled, in which case they will respectively take place a day later.)

2. Residents in the vicinity as stated in paragraph 1 above are warned to leave all windows open during firing practices.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea area as specified in the Schedule hereto while firing practice is in progress.

4. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the officer in command or any member of safety patrols.

5. The Officer Commanding, Natal Command, is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at Snell Parade not later than 9th April, 1955.

SCHEDULE.

The sea area enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

Longitude—	*Latitude—*
31° 05′ 00″ E.	29° 45′ 00″ S.
31° 02′ 00″ E.	30° 00′ 00″ S.
31° 15′ 00″ E.	30° 00′ 00″ S.
31° 15′ 00″ E.	29° 45′ 00″ S.

✱ NOTICE No. 264 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

I, Francois Jean de Villiers, Chairman of the Council of the South African Bureau of Standards, duly empowered hereto by Resolution of the Council, do hereby, with the approval of the Honourable the Minister

miese Sake en namens voormelde Raad, dat die merk hieronder afgebeeld die standaardmerk vir die aangegewe handelsartikels is.

of Economic Affairs and on behalf of the said Council, declare the mark illustrated below to be the standardization mark in respect of the commodities indicated.

Spesifikasieno. *Specification No.*	Handelsartikel. *Commodity.*	Bestek van Spesifikasie. *Scope of Specification.*	Merk. *Mark.*	Raadsvergadering. *Council Meeting.* No. *No.*	Raadsvergadering. *Council Meeting.* Datum. *Date.*
418–1954	Chemies geïmpregneerde houtprieëlpale/*Chemically impregnated wooden vine trellis poles*	Die spesifikasie dek chemies geïmpregneerde ronde houtpale vir gebruik as staanders en dwarsarms by prieëlkonstruksie/*The specification covers chemically impregnated round wooden posts for use as uprights and crossarms in the construction of vine trellis*		98ste/98*th*	25/10/54
496–1954	Houtkratte, graad „A" vir uie en aartappels/*Grade "A" wooden crates for onions and potatoes*	Die spesifikasie dek gespykerde en vasgebonde houtkratte vir uie en aartappels/*The specification covers nailed and strapped wooden crates for onions and potatoes*		95ste/95*th*	14/6/54

Eksemplare van die betrokke spesifikasies, waarin volle besonderhede verstrek word, is verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria, teen 5s. elk, posvry.

F. J. DE VILLIERS,
Voorsitter.

Copies of the relevant specifications are obtainable from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria, at 5s. each, post free.

F. J. DE VILLIERS,
Chairman.

✱ KENNISGEWING No. 265 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN KINGNA.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. G. C. Knipe as lid van die Besproeiingsraad van Kingna bedank het.

Verder word bekendgemaak dat 'n nominasiehofsitting om 10 vm. op 27 April 1955 in die Magistraatshof te Montagu gehou sal word om 'n lid in die plek van mnr. Knipe te kies.

J. J. VAN NOORDWYK,
Magistraat.

Montagu, 4 Maart 1955.

✱ NOTICE No. 265 OF 1955.

KINGNA IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. G. C. Knipe has tendered his resignation as member of the Kingna Irrigation Board.

It is further notified that a nomination court will be held on the 27th April, 1955, at 10 a.m. in the Magistrate's Court at Montagu for the election of a member in the place of Mr. Knipe.

J. J. VAN NOORDWYK,
Magistrate.

Montagu, 4th March, 1955.

✱ KENNISGEWING No. 266 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN ZANDDRIFT.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. A. J. Jonker, J. M. Viljoen en I. S. Malherbe tot lede van bogenoemde Raad herkies is vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan.

D. R. JACOBS,
Magistraat.

Robertson,
5 Maart 1955.

✱ NOTICE No. 266 OF 1955.

ZANDDRIFT IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Messrs. A. J. Jonker, J. M. Viljoen and I. S. Malherbe have been re-elected as members of the above-mentioned Board for a further period of three years as from date of publication hereof.

D. R. JACOBS,
Magistrate.

Robertson,
5 March, 1955.

✱ KENNISGEWING No. 267 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN WILLEMNELSRIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. A. J. le R. Marais tot lid van bogenoemde Raad herkies is vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan.

D. R. JACOBS,
Magistraat.

Robertson,
5 Maart 1955.

✱ NOTICE No. 267 OF 1955.

WILLEMNELS RIVER IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. A. J. le R. Marais has been re-elected as a member of the above-mentioned Board for a further period of three years as from date of publication hereof.

D. R. JACOBS,
Magistrate.

Robertson,
5 March 1955.

✱ KENNISGEWING No. 268 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN ASHTON.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. G. H. Whitehead en P. J. Vermeulen tot lede van bogenoemde Raad herkies is vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan.

D. R. JACOBS,
Magistraat.

Robertson,
5 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 269 VAN 1955.

BEWARINGSRAAD VAN BREEDERIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. A. P. de Wet, J. C. de Wet en D. P. le Roux tot lede van bogenoemde Raad herkies is vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan.

D. R. JACOBS,
Magistraat.

Robertson,
5 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 270 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN DUIVENHOKSRIVIER.

Met betrekking tot Goewermentskennisgewing No. 51 van 1952 word hierby bekendgemaak dat mnre. Johannes Meyer en Mathiam Marthinus Uys Keyser behoorlik tot lede van bogenoemde Raad gekies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 28 Maart 1955.

D. J. de V. Beukes,
Magistraat.

Heidelberg, Kaap,
4 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 271 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN MASALAL.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. B. H. Cordier, lid van die Besproeiingsraad van Masalal, met ingang van 29 Januarie 1955 nie meer as lid kan dien nie.

Verder word bekendgemaak dat 'n openbare hofsitting om 10 vm. op Saterdag, 16 April 1955, in die Hofsaal, Tzaneen, gehou sal word om 'n lid in die plek van mnr. B. H. Cordier te kies.

Die ampstermyn van die lid wat in mnr. Cordier se plek gekies word, sal op 15 November 1956 verstryk.

J. J. L. DE VILLIERS,
Magistraat.

Tzaneen,
7 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 272 VAN 1955.

GEKONFISKEERDE DIAMANTE.

Hierby word ingevolge artikel *vier-en-twintig* van Wet No. 14 van 1885 (Kaap), bekendgemaak dat ondergenoemde diamante deur die Magistraat, Barkly-Wes, gekonfiskeer is:—

3 ruwe en ongeslypte diamante van ongeveer $2\frac{3}{4}$ karaat.
3 ruwe en ongeslypte diamante van ongeveer 1 karaat.
4 ruwe en ongeslypte diamante van ongeveer $1\frac{1}{4}$ karaat.

Enigeen wat daarop aanspraak maak dat hy die eienaar van hierdie diamante is, moet sodanige aanspraak binne 21 dae na publikasie hiervan tot tevredenheid van die ondergetekende bewys.

A. J. H. HOFMEYR,
Magistraat.

Barkly-Wes,
4 Maart 1955.

✱ NOTICE No. 268 OF 1955.

ASHTON IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Messrs. G. H. Whitehead and P. J. Vermeulen have been re-elected as members of the above-mentioned Board for a further period of three years from date of publication hereof.

D. R. JACOBS,
Magistrate.

Robertson,
5 March 1955.

✱ NOTICE No. 269 OF 1955.

BREEDE RIVER CONSERVATION BOARD.

Notice is hereby given that Messrs. A. P. de Wet, J. C. de Wet and D. P. le Roux have been re-elected as members of the above-mentioned Board for a further period of three years as from date of publication hereof.

D. R. JACOBS,
Magistrate.

Robertson,
5 March, 1955.

✱ NOTICE No. 270 OF 1955.

DUIVENHOKSRIVIER IRRIGATION BOARD.

With reference to Government Notice No. 51 of 1952 it is hereby notified that Messrs. Johannes Meyer and Mathiam Marthinus Uys Keyser have been duly elected as members of the above-mentioned Board for a period of three years from the 28th March, 1955.

D. J. de V. Beukes,
Magistrate.

Heidelberg, Cape,
4th March, 1955.

✱ NOTICE No. 271 OF 1955.

MASALAL IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. B. H. Cordier, member of Masalal Irrigation Board, can as from 29th January, 1955, no longer serve as a member of this Board.

It is further notified that a public court will be held in the Court Room, Tzaneen, on Saturday, 16th April, 1955, at 10 a.m. for the election of a member to replace Mr. B. H. Cordier.

The term of office of the member who is elected in Mr. Cordier's place will expire on 15th November, 1956.

J. J. L. DE VILLIERS,
Magistrate.

Tzaneen,
7th March, 1955.

✱ NOTICE No. 272 OF 1955.

CONFISCATED DIAMONDS.

In terms of section *thirty-four* of Act No. 14 of 1885 (Cape), it is hereby notified that the following diamonds were confiscated by the Magistrate, Barkly West:—

3 rough and uncut diamonds of approximate weight $2\frac{3}{4}$ carat.
3 rough and uncut diamonds of approximate weight 1 carat.
4 rough and uncut diamonds of approximate weight $1\frac{1}{4}$ carat.

Any person claiming ownership of these diamonds, shall within 21 days of publication hereof, prove to the satisfaction of the undersigned his claim to such right.

A. J. H. HOFMEYR,
Magistrate.

Barkly West,
4th March, 1955.

✱ KENNISGEWING No. 273 VAN 1955.

OPGETELDE DIAMANT.

Hierby word ingevolge artikel 13 van Wet No. 48 van 1882 (Kaap) bekendgemaak dat ondergenoemde diamant deur John Charles opgetel is in 'n publieke straat in Springbok:—

Een ru en ongeslypte diamant van ongeveer ¼ karaat.

Enigeen wat aanspraak daarop maak dat hy die eienaar van hierdie diamant is, moet sodanige aanspraak binne 21 dae na publikasie hiervan tot tevredenheid van die ondergetekende bewys.

J. C. COOPER,
Magistraat.

Springbok, 2 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 274 VAN 1955.

STAATSBESPROEIINGSKEMA, PONGOLA.

Ingevolge die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, word hierby bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingshersieningshof in verband met die lys van besproeibare grond van die Staatsbesproeiingskema Pongola om 9 vm. op Woensdag, 13 April 1955, in die saal van die Departement van Lande, Pongolanedersetting, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of grond wat daarin voorkom, te hoor en daaroor te besluit.

Verder word bekendgemaak dat 'n afskrif van die lys van besproeibare grond wat kragtens subartikel (1) van artikel *sewe bis* van die Besproeiing- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig, en voormelde regulasies opgestel is, van 25 Maart 1955 af vir 'n tydperk van 14 dae op die kantoor van die Plaaslike Ingenieur, Departement van Besproeiing, Pongolanedersetting, en op die kantoor van die Superintendent, Departement van Lande, Pongolanedersetting, ter insae sal lê.

✱ KENNISGEWING No. 275 VAN 1955.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

Aan wie daarby belang het:

Neem asseblief kennis dat die Administrasie, soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van genoemde Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewings van Onteiening Nos. (1) C.3610, (2) C.3615 en (3) C.3616, gedateer 9 Julie 1951 en op (1) 8 Augustus 1951, (2) 9 Augustus 1951 en (3) 10 Augustus 1951 gedien op (1) Catharina Maria van Niekerk in haar hoedanigheid as mede-eksekuteur in die Boedel van wyle Gerrit van Niekerk, (2) James Gardiner van Niekerk in sy hoedanigheid as mede-eksekuteur in die Boedel van wyle Gerrit van Niekerk en (3) die Midland Agency and Trust Company, Limited, in sy hoedanigheid as mede-eksekuteur in die Boedel van wyle Gerrit van Niekerk, sekere grond, groot ongeveer 5,008 vierkante voet, synde gedeelte van die restant van die plaas Trompskraal, geleë in die afdeling Graaff Reinet, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaart 11724/54, sonder enige voorwaardes, in naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Kaapstad, hede die 2de dag van Maart 1955.

D. H. C. DU PLESSIS,
Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. L.X. 235/1/2.

✱ NOTICE No. 273 OF 1955.

PICKED UP DIAMOND.

In terms of section 13 of Act No. 48 of 1882 (Cape), it is hereby notified that the following diamond was picked up by John Charles in a public street in Springbok:—

One rough and uncut diamond of approximate weight ¼ carat.

Any person claiming ownership of this diamond, shall within 21 days of publication hereof, prove to the satisfaction of the undersigned his claim to such right.

J. C. COOPER,
Magistrate.

Springbok, 2nd March, 1955.

✱ NOTICE No. 274 OF 1955.

PONGOLA GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME.

It is hereby notified, in terms of the regulations published under Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that a scheduling revision court in connection with the schedule of irrigable areas of the Pongola Government Irrigation Scheme will be held in the Hall of the Department of Lands, Pongola Settlement at 9 a.m. on Wednesday, 13th April, 1955, for the purpose of hearing and determining claims to be inserted in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

It is further notified that a copy of the schedule of irrigable areas prepared in terms of sub-section (1) of section *seven bis*, of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended, and the regulations aforementioned, will lie for inspection at the office of the Resident Engineer, Irrigation Department, Pongola Settlement, and at the office of the Superintendent, Department of Lands, Pongola Settlement, for a period of 14 days from 15th March, 1955.

✱ NOTICE No. 275 OF 1955.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

To whom it may concern:

